**Dave Lubbe**

# Sleepdam

waar hy op en af
oor die betonblad geloop het
swart pak en pet
en blink kentekens en das
is nou net sand
die wisselkoppe hang
vergetestil
die blink rye lê
diepversteek
onder rooibruin
kors op kors
waar tablette
vuurstrepe gespoeg het
bars kweek en osgras
deur skeure
die groen dak is weg
glasstoppels kou
dof aan die lug
die honeysuckle beur woes
om stukkies son en reën
te vang
kinderdrome het stil geword



13 Kreatief 03.pmd 174 1/31/2006, 12:37 PM